INSKRYWINGSPROSES VIR GRAAD 8 - 2020

Die Departement van Onderwys bepaal die inskrywingstydperk vir aansoeke vir 2020. Dit val gewoonlik tussen April en Mei. Hou gerus hierdie spasie op die webwerf dop. Ons sal dit bekend maak sodra ons die inligting van die Departement af ontvang het.

Die stelsel is tans oop vir laat inskrywings vir Gr 8 2019 en sal enige inskrywings vir Gr 8 2020 van die stelsel af verwyder word. MOET DUS ASSEBLIEF NIE NOU AL VIR GR 8 2020 AANLYN AANSOEK DOEN NIE.

Slegs aanlynaansoeke mag aanvaar word en word gedoen by www.gdeadmissions.gov.za.

(Geen papieraansoeke word vir Graad 8 hanteer nie)

- 'n Verwysingsnommer word verskaf:
  - WA
  - WB
  - WAB
- Sodra u die **ROOI WAGLYSNOMMER** ontvang het moet u dit asseblief epos na ahmp@ahmp.co.za. *(U kan dan ook hier meld indien u vir die koshuis wil aansoek doen sodat ek die nodige vorm vir u kan aanheg).* U sal dan 'n inligtingsvorm ontvang wat u by die skool moet inhandig (kan ook ge-epos word) saam met die nodige ondersteunende dokumentasie.
- Aansoeke word deur die hoof geverifieër
- Volgende stawende dokumentasie word verlang:
  - Skool se INLIGTINGSVORM.
  - Afskrif van geboortesertifikaat;
  - Afskrif van ouers se ID-dokumente;
  - Afskrif van laaste skoolrapport;
  - Bewys van fisiese woonadres (bv water- en ligterekening)
- Indien u in die area werk, maar nie bly nie, moet u 'n bewys van u werkgewer inhandig dat u in die area werk.

Hierdie dokumentasie moet so vinnig as moontlik na aanlynregistrasie en ontvangs van 'n verwysingsnommer by die skool ingehandig word.